


KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 127 12 Januarie 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Vat dit van wie dit kom.

So redeneer ons baie keer wanneer iemand 'n snedige opmerking teenoor ons maak, ons dalk beledig, of in sommige gevalle selfs komplimente uitdeel. As ons sê ons vat dit van wie dit kom, heg ons 'n bepaalde waarde daaraan. Wanneer dit iemand is vir wie ek 'n hoë agting het, word dit werklik vir my 'n kompliment of kritiek, selfs 'n belediging. Wanneer ek myself nie verknies oor 'n bepaalde persoon se mening nie, omdat die persoon min of geen waarde tot my lewe toevoeg nie, word die kompliment of belediging net so maklik uit ons gedagtes gewis. Dit hang af van wat daar en deur wie dit gesê is. Want dis nou maar een maal so, ons kan met almal vriendelik wees, maar ons kan nie altyd met almal vriende wees nie. Ons kan teenoor almal inskiklik wees, maar ons gaan nie altyd met almal in ons skik wees nie.

En dit is tog 'n baie eenvoudige manier, dalk 'n manier van selfbeskerming en selfbehoud, om dit te hanteer. Maar die vraag kom dan na vore, hoe hanteer ek kritiek? Of kan ek 'n kompliment aanvaar? Ek kan myself troos deur te sê, ek aanvaar kritiek baie goed wanneer ek dit soos water van 'n eend se rug laat afrol wanneer die

kritiek van iemand kom aan wie ek my nou nie rîrig steur nie. Of ek kan daadwerklik iets daaraan doen wanneer iemand wat ek respekteer, my dalk tereg wys. Ek kan goed voel oor myself as daardie selfde persoon, vir wie ek op die troontjie plaas vir my 'n pluimpie gee of ek kan dit afmaak met 'n anglisistiese tiener-reaksie van "whatever" wanneer iemand wat my nie raak nie, my bietjie heuning om die mond wil smeer (soos dit dan sal voorkom).

Maar een ding wat ons dalk bietjie tot selfondersoek kan ruk, is wanneer ons die skoen self aantrek en vra: "hoe ervaar ander mense kritiek of komplimente wat ek uitdeel?"

As ons wil hê dat mense na ons moet luister wanneer ons hulle lewenstyl of uitsprake wil korrigeer of wanneer ek wil hê dat hulle goed moet voel oor hulleself wanneer ek hulle lof besing, moet ek tog dan seker wees my opinie dra gewig, nie waar nie.

En die probleem kom daarby, dat ek nooit sal weet hoe die ander persoon hierdie uitsprake van my benader nie, want of ek op hulle troontjie sit en of hulle my nie werklik na waarde skat nie, sal ek nie altyd weet nie. Hoekom nie? Want ander mense maak soos ek maak. Ander mense dink ook soos ek dink oor uitlatings wat gemaak word.

Daarom moet ek, wanneer ek sê: “ Vat dit van wie dit kom”, tog gesonde oordeel hê oor wie of wat daardie persoon is of beteken. Is hulle uitsprake ongegrond net omdat ek nie 'n band met hulle sien nie of is dit werklik ongegrond? Is dit waar wat hulle sê net omdat ek die wêreld van hulle dink, of is dit eintlik maar van min waarde, juis omdat hulle dalk bevooroordeel is.

Hoe gaan ons ooit die antwoorde kry? Wat ons weet van ander, is maar wat ons sien en hoor en glo. Die feit bly staan, dit is nie 'n uitgemaakte saak dat my siening van 'n persoon dit is wie en wat hy/sy werklik is nie. Die enigste antwoord wat ons dus werklik gaan hê is die antwoord op onself. Wie is ek? Hoe hanteer ek situasies? Hoe aanvaar ek kritiek? Hoe benader ek 'n kompliment? Want eers wanneer ek myself ken, kan ek iets van iemand vat van wie af dit kom, met 'n duidelike bewustheid van die een aan wie dit gerig is en waarom.

Daarom is daar net een werklike oplossing. Ons behoort EERSTENS in die spieël te gaan kyk, onself te kritiseer waar nodig en te komplimenteer soos ons kan. Ons moet in die spieël kyk en met onself EERLIK en REGUIT wees en juis DAAR EN DAN kan ons DIT vat van WIE dit kom.

Ds Dirk van Rooyen
Rustenburg

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

VERGADERINGS

- Die GHG se Finkom vergader Maandag 15 Januarie 2018.
- Die Dagbestuur van die GHG vergader Vrydag 19 Januarie 2018. Verskeie aangeleenthede sal bespreek word

waaronder die Ad Hoc komitee en die predikante beraad van Maart 2018.

DS JAN SCHROEDER **UITNODIGING – SESTIGJARIGE** **AMPSJUBILEUM**

Hiermee word u en u gade uitgenooi na die sestigjarige ampsjubileum van Ds JAAA Schroeder. DV Sondag 21 Januarie 2018, om 10:00 die oggend in die kerkgebou h/v Fenter en Merzstraat, Heidelberg. Die geleentheid word afgesluit met 'n middag ete om 12:00 U teenwoordigheid is vir ons belangrik, gesien in die lig dat ons hierdie geleentheid saam met Ds Schroeder en sy familie gaan vier. RSVP so gou moontlik – by 083 728 4086. Nico van Huyssteen - Skriba

- Die redaksie wil by voorbaat hom gelukwens met hierdie besondere mylpaal in sy toegewyde dienswerk. Hy bly lojaal aan die Here en toegewyd tot die verkondiging van die suiwer Evangelie. So het hy gedoen in die NHKA en juis hierdie toewyding het hom op hoë ouderdom laat oorgaan na die GHG.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)

Lootjie vorms is beskikbaar

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjie vorms.

MAKWASBYEENKOMS

Alle emeriti, hul gades en predikante word uitgenooi na die jaarlikse Makwasbyeenkoms te Premiermyn Hervormde kerk, Cullinan. Om winterkoue te voorkom, is die jaarlikse instelling se datum verskuif na DV Vrydag 23 Februarie 2018. Maak seker dat u die datum op u gemeente-kalender aanteken. Ons sien uit daarna om u hier te sien. Alle insette is welkom. Bevestig asseblief u teenwoordigheid teen 13 Februarie 2018.

Kontak Yvette Otto 072 223 7522 of per e-pos by zyvetto@gmail.com.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar
in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831
auri@mweb.co.za.

LEWENSbroOD 2018

Lidmate moet kennis neem dat Lewensbrood 2018 gedruk en reeds aan die meeste gemeentes versend is. Indien u enige probleme ondervind kan u gerus met ons skakel om u te help. Daar is enkele ekstra kopië beskikbaar vir diegene wat dalk intussen deel van die GHG geword het.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com